# DIE MIELIESTRONK

Uitgawe 1
Jaar 2018—Jaargetal 46

## NUUSBLAD VAN DIE NOORD-VRYSTAAT STREEK : SAWA

*Ervaar die HELE MIELIELAND se gebeure – NET HIER !*

# September 2018

UITGAWE No: 146


| ITEM | BLADSY |
|---|---|
| Index | 2 |
| NOVS Bank Besonderhede | 3 |
| Gebieds Bestuurs 2018/2019 | 4 |
| Redaksie | 5 |
| Die Woord vir die Uitgawe | 6 |
| Lief en Leed | 7 |
| Voorsitters Pen | 8 |
| Lag 'n bietjie saam | 10 |
| Verjaarsdae | 11 |
| Presidente 2018 | 12 |
| Outdoor X | 14 |
| Tava Lingwe | 16 |
| Noorkus Toer (Dis nie 'n spel fout nie) | 18 |
| River Beach Club (AJV & Verjaardag) | 20 |
| Jeugblad | 24 |
| Advertensies | 26 |
| Kamp 2018 & 2019 | 27 |
| Ledelys | 30 |




ALLE DEPOSITO'S NA DIE SAWA NOVS REKENING MOET GEPAARD GAAN MET VOLLEDIGE BESKRYWING OP DIE VERWYSING GEDEELTE VAN DIE DEP. STROKIE.

(LID SE NAAM, VAN EN NOMMER)

INDIEN MOONTLIK FAKS OF E-POS DEP. STROKIE AAN DIE PENNINGMEESTER OF SEKRETARESSE

BANKBESONDERHEDE:

| | |
|---|---|
| NAAM VAN BANK: | FNB |
| IN NAAM VAN: | SAWA NOVS |
| TAK: | VAAL MALL |
| REKENING NOMMER: | 51290039010 |
| TAK KODE: | 250945 |

# SAWA - NOVS

## BESTUUR 2019

novs.sawa@gmail.com

### Voorsitter

**Koos Boshoff**

082 335 5359 (S)
056 777 2900 (H)

koos.boshoff@draglobal.com

Posbus 557
Koppies
9540

### Onder-Voorsitter

**Marlize Gray**

082 554 6734 (S)

mgray@telkomsa.net

Adam Tas Straat 10
Sasolburg
1947

### Penningmeester

**Rita Hatting**

074 119 5135 (S)
016 931 2407 (H)

Hatting.rita@gmail.com

Defoe Straat 18
Vanderijlpark
1900

### Sekretaresse

**Elize Boshoff**

082 455 8591 (S)
056 777 2990 (H)

elizengkoppies@vodamail.co.za

Posbus 557
Koppies
9540

### Kampkomitee en Jeugouers

**Annika Kilian**

082 807 2671 (S)
016 971 2685 (H)

Annika.kilian@sasol.com

77 Hatting Straat
Vaalpark
1947

### Redalsie

**Marlize Gray**

### Snr Burger Vert

Vakant



# Rekateur Nota



## Hello Novsies

Ek hoop julle geniet dit terdee nes ek dit geniet het om hierdie uitgawe saam te stel, met die samestelling het ek al die lekker tye weer beleef en kan met opgewondenheid sê dat ek sommer uitsien om die volgende stronkie saam te stel.

'n Vriendelike versoek, indien engine een weet van besighede wat belang sal stel om te adverteer, moet asseblief nie huiwer om hul kontak besonderhede aan my te stuur nie. Ek sal met liefde hul advertensies plaas.

Eniige spesiale gebeurtenisse kan ook enige tyd na my ge– sms, whatsapp of ge-email word.

Vriendelike groete,

Redaksie

Epos: **mgray@telkomsal.net**

Whatsapp: **082 554 6734**




# Die Woord

## *Al gaan dit sleg*

*Al sou die vyeboom nie bot nie en daar geen druiwe aan die wingerde wees nie, al sou die olyfoes misluk en die lande geen oes lewer nie, al sou daar geen kleinvee in die kampe meer wees nie en die beeskrale sonder beeste wees, nogtans sal ek in die Here jubel, sal ek juig in God, my Redder. (Habakuk 3:17–18)*

Die boer word vermoor terwyl hy gereed maak om kerk toe te gaan. ’n Vrou se handsak word deur ’n bedelaar gegryp toe sy dit oopmaak om vir hom ’n geldstuk te soek. Getroue kerkmense se huis brand af met al hul besittings wat boeke, foto’s en erfstukke insluit. Hulle het niemand enige kwaad aangedoen nie, maar hulle word seergemaak.

Nog ’n boer het op sy knieë gegaan en geld geleen om vanjaar te ploeg en te saai. Toe die mielies heuphoogte staan, bars daar ’n haelstorm los en hy is nie verseker nie. Waarom kry goeie mense swaar – mense wat op God vertrou?

By die skool of werk word jy uitgeskuif omdat jy jou Christen-beginsels uitleef. Daar word teen jou gediskrimineer omdat jy Jesus eerste plaas. Waarom word Jesus se volgelinge bespot en verneder? Gee God dan nie om nie? Hoor Hy nie hul gebede nie?

Dis die vrae wat Habakuk ongeveer 600 jaar voor Jesus se geboorte al gevra het. Dit lyk vir Haba-

> “ Liewe Here, ons roep U aan wanneer ons magteloos is en nie meer herwaarts of derwaarts weet nie. Niks maak sin nie, ons verstaan nie hoekom ons seerkry nie. Ons het alles verloor, maar U is nog daar en ons weet dat U ons liefhet. U is ons enigste hoop. ”

kuk of die goddeloses aan die wenkant is en God se volk aan die verloorkant. Eindelik besef hy dat hy juis onder sulke omstandighede sy oog op die Here moet hou en sing hy die treffende loflied wat ons almal so goed ken. Al gaan dit ook hóé sleg, weet hy dat die Here God in beheer is en eendag nog tot sy redding sal kom.

**Bron:**



# Lief en Leed

## Lief

- Nick Roos sterk goed aan na die bakteria infeksie in sy regter been.
- Baie geluk aan Koos en Elize Boshoff met die geboorte van hul kleinseun.



*Baba Klein Seuntjie*

*Mag hierdie liewe Caiden wat God vir jul gegee het,*

*‘n Bron van groot Vreugde wees!!!*

- Baie geluk aan JP en Chequita met die huwelik van hul dogter Sheney en Dawie Scholtz

*Mag al jul lewensdrome*

*Een vir een bewaarheid word.*






## Leed

Vinkie Swanepoel (Dagbestuur) het kort na ons AJV ‘n reuse operasie ondergaan, ons gebede is met haar en wens haar ‘n spoedige herstel toe.

# Uit die Voorsitter se pen



Hallo Novsies

In die huidige politieke en finansiële omgewing waarin ons onsself vandag bevind, is die woorde van oud Amerikaanse President, Lyndon Johnson baie van pas. Hy het gesê, en ek haal hom aan, '**yesterday is not ours to recover, but tomorrow is ours to win or lose**,' – nie net woorde wat die huidige situasie in Suid Afrika opsom nie, maar ook 'n sin wat vir ons hoop bring.

Ons vier hierdie jaar NOVS se 45ste verjaardag, en ons put uit die afgelope vyf en veertig jaar ongekende en onbekende hoeveelheid lewenswaarhede, nie net in ons kampeer gesin nie, maar ook by ons huise. Ek wil derhalwe van hierdie geleentheid gebruik maak om almal te bedank wat oor die afgelope vyf en veertig jaar hulle voetspore en ondervindings met almal gedeel het en dat ons daaruit lewensvaardighede kon bemeester.

NOVS het dan ook weer, soos in die verlede, 'n baie geslaagde AJV gehad. Ek wil dan ook herhaal wat oom Jan Swanepoel gesê het tydens ons funksie Saterdagaand: "ek weet nie waar al die idees vandaan kom vir temas nie, maar hierdie een was weereens 'n baie besonderse een". Baie dankie aan die bestuurspan wat hierdie naweek, en veral die funksie Saterdagaand so vol entoesiasme en ywer aangepak het. Dit is lekker om op julle te kan reken.

Soos julle dan ook reeds bewus is, is die kern van die bestuurspan weereens herkies, met die uitsondering van oom Roelf Harmse, wat voel die ouderdom haal hom nou in, en hy wil bietjie afskaal. Baie dankie oom Roelf vir die twee jaar wat jy my bygestaan het. Marlize neem nou die ondervoorsitterstoel in, en sal tesame met die pos ook die redaksie van die nuusbrief en media skakeling doen. Sterkte vir jou Marlize. Glo oom Nick sal haar bietjie in die stilligheid touwys maak.

Gepraat van die nuusbrief, ons eie Stronkie. Ons almal sien maandeliks daarna uit om die nuusbrief op ons email te ontvang, of andersins by kampe 'n eksemplaar te bekom.



Hierdie nuusbrief kan slegs 'n groot sukses wees indien ALMAL hulle insette lewer, hetsy in die vorm van 'n lekker storie, grappie, of ander ervarings. Stuur dit direk vir Marlize.

Ons jeug bly in die goeie hande van Annika, en natuurlik het sy ons "stirrer" aan haar sy om haar te help. Annika en Bennie, dankie dat julle weereens bereid was om ons jeug, -wat by die dag groter word- onder julle vlerke te neem. Ja, julle het reg gelees, daar is 'n oplewing in die kinder getalle. Ons het die afgelope paar maande nuwe gesinne verwelkom wat pragtige kinders het. Die ouer mense moet asseblief hierdie kinders aanvaar en ook besef dat hulle nog opgroei, en derhalwe lewenslustig is. Aanvaar ook asseblief die metodes wat die nuwe generasie ouers gebruik om die kinders op te voed.

Ons finansies is weereens in die baie bekwame hande van Rita. Sy is erger as ons huidige minister van finansies is oor ons bietjie fondse wat sy moet beheer en bestuur. Julle sal dan ook, of het reeds, van haar gehoor aangaande subskripsies vir ons nuusblad. Ons maak regtig staat op hierdie inkomste om ons pot aan die kook te hou. Indien iemand bewus is van enige maatskappy of besigheid wat graag in ons blaadjie wil adverteer, verwittig asb vir Rita. Dankie Rita vir jou ywer.

Die laaste een van my bestuurspan, en natuurlik ook die belangrikste een, is ons sekretaris, en in die werklike lewe ook my vrou, OUMA Elize. Ja, Elize het in die week weereens OUMA geword, en 'n trotse een daarby. Christian en Michelle se eersteling is Woensdag 19 September gebore. Ek is natuurlik ook die trotse oupa. Dankie Elize vir die tyd wat jy insit om hierdie organisasie aan die gang te hou, verjaardae te kan onthou en ons lede kan geluk wens, maar die belangrikste, om met oorde kontak te hou en besprekings te behartig.

Ek wens almal voorspoed toe vir die res van hierdie jaar. Onthou om die pad nie alleen te prober stap nie, GOD wil hê dat jy HOM vra om jou hand stewig in SYNE te sit.

Tot weersiens

Koos





# Lag 'n bietjie saam

TOE JY GESÊ HET
"VRIENDE MET VOORDELE"

HET EK AANGENEEM
JY BESIT 'N BOTTELSTOOR.

'n Seuntjie kom by sy Ma en vra: "Mamma, as mens regtig nie anders kan nie, en jy moet vloek, is dit beter om die "F" woord te gebruik of om die Vader se Naam ydelik te gebruik?"
Sy Ma sê: "Nee, mens mag glad nie een van die twee gebruik nie, dis baie lelik!"
Seuntjie: "Maar as mens regtig nie anders kannie, wat dan?"
Ma: "Gebruik dan liewer die "F" woord, maar net as jy nie anders kan nie!"
Seuntjie: "Goed dan, Ma - daar sit 'n hottentotsfok op jou kop!" 😂😂

***Ek voel water los al jou problem op:***

| | |
|---|---|
| Wil jy gewig verloof? | Drink Water |
| Wil jy 'n skoon gesig he? | Drink Water |
| Probleem met iemand? | **Verdrink hulle in water!!** |




Met hierdie nuwe wetgewing van die Kanibus het hul goed gedink om die weeks dae ook aan te pas na

Maandagga, Dinsdagga,
Woensdagga, Donderdagga,
Vrydagga, Saterdagga
Sondagga . . . . . . .



# VERJAARSDAE

## September

| | |
|---|---|
| Laubscher, Mike | 07-Sep |
| De Swardt, Laurika | 08-Sep |
| Greeff,Tjaart | 11-Sep |
| Du Toit, Madelene | 19-Sep |
| Gray, Marlize | 21-Sep |
| Barnard, Bill | 25-Sep |
| Gray, Gavin | 29-Sep |




## Oktober

| | |
|---|---|
| Van den Berg, Johan | 03-Oct |
| Loots, Terrien | 07-Oct |
| Jordaan, Linda | 08-Oct |
| Topham, Corrie | 11-Oct |
| Van Schalkwyk, Piet | 17-Oct |
| Van der Westhuizen, Driekie | 21-Oct |
| De Beer, Magda | 22-Oct |

# PRESIDENTE 2018

29 MAART 2018 TOT 01 APRIL 2018

## TE KLIPDRAAI

Die hele vaaldriehoek kommedante verwelkom almal van vroeg tot laat!!





**Groep foto van die Vaaldriehoek kommodante vir die naweek**



*En natuurlik die Kampmal Facebook bespreking vir die naweek!!!!*









Al die NOVSIES hard aan die werk met die ontbyt en R&R stalletjies




Novsies het deel gevorm van die 2018 Presidente kommandante, 'n spesiale dank aan ieder en elk wat gehelp het met die verrigtinge.

Die ontbyt- en R&R stalletjies was 'n treffer en dit het dit omtrent gegons soos al die Novsies geswoeg en gesweet het agter die kospotte….

Ek moet sê die Jaffel stalletjie langs ons het 'n sug van verligting geggee toe die ontbyte klaar was want toe kon hul eers wegspring en verkoop.

Die R&R was vervrissend na die warm kospotte. Dit het ook vining verkoop en ons almal kon opruim en lekker verder kuier na die oggend se werk.

Wel gedoen NOVSIES! ! ! ! ! !



*Trotse teenwoordige NOVSies!!!*

## 31 Mei tot 3 Junie 2018

Outdoor X naweek gekomandeer deur Bennie, Anika, “Bennie se Ma (tannie Annetjie)”, Wink & Drieke het met ‘n bittere nat koue dondendag begin, van vroeg tot laat die aand is waens ingetrek en so deur die modder glybaan was daar waens geplaas en sommige opgeslaan. Die Killians het gesorg dat die koue nie die binnestes bereik nie met die heerlikste potte sop en glue wine, dit was ‘n wenner hoor!!!

Ongeag die weer het die novsies in hul meenigte opgedaag (15 waens) en saam gekuier en weer opgevang van waar hul laas mekaar gesien het, die aand se boeke gevat was deur Wink en Driekie aangebied en daarna was die vuurtjies aangesteek en ‘n vleisie gebraai en gesellig om die bola gekuier.

Saterdag het almal ouder gewoonte die Outdoor X gaan bywoon wat weereens ‘n goeie skou aangebied het. Almal het die aand om die vuurtjies ge-“show and tell” met hul aankope en ontvries om die vure.

Sondag oggend se kerk diens was baie besonders, NOVS jeug het die nagmaal aangebied met die pragtigste boodskap en baie geloof in ons harte gelaat. Weer was daar inkopies gedoen, maar vir die wat klaar gekoop het, was daar ‘n vuurtjie aangesteek en verder gekuier. Vroeg middig het ‘n paar novsies reeds opgepak en huistoe gesleep, maar die bitter einders het tot laat gekuier en gewys dat dit moeilik is om huis toe te gaan na ‘n naweek saam die novsies.

Novs groete

Marlize



Oom Roelf durf die watertoring se trappies aan net om ‘n lug foto van die kamp terein te neem



Lug foto van al die NOVS waens:
Geneem deur: Roelf Harmse



Andre van Pletzen wat maar gaan inkruip weg van die koue nat Donderdag aand





En so kuier die bitter einders tot laat



# Tava Lingwe

## 27 Aprill - 1 Mei

Die beplanning vir die naweek was bestem vir Manyani by Pilanesberg, maar as gevolg van min belangstelling weens die afstand, is die kampnaweek na Tava Lingwe verskuif.

Tava Lingwe is 'n vakansie- en wildsplaas geleë tussen Vredefort en Viljoenskroon en was voorheen as Jabulani bekend. Behalwe vir die kampterrein, is daar nog alternatiewe huisvesting in huisies. As 'n bonus is daar ook nog 'n wildkamp waarin wildsritte onderneem word om onder andere die leeus te sien.

Ons het 'n hartlike ontvangs gehad soos die woonwaens een na die ander aangekom het. Daar was ander groepe woonwaens ook en ons deel is vir ons eenkant gereserveer. Party gelukkiges het al Donderdag aangekom en teen Vrydagaand was ons tien waens. Deur die loop van die naweek het daar nog besoekers ook by ons aangesluit. Vir sommige van ons wat lanklaas gekamp het, was dit baie lekker om weer ou vriende te sien en saam te kuier.

Buiten die wild in die wildskamp, het ons ook 'n ongewenste kuiergas in die vorm van 'n pofaddertjie gehad. Annemèra het die knaap in 'n Tupperware bak ingeskep en vir almal kom wys. Party manne is ook maar lugtig vir so 'n ou slangetjie en wou terstond die arme ding doodmaak. Ons het hom egter by die kantoor gaan afgee en hulle het hom weer in die veld, weg van die kampterrein gaan loslaat. Die Maandag het die oord ook 'n omgewingspraatjie in die saal gereël waar die besoekers ingelig is oor verskeie dinge van die natuur en wat op die plaas aangaan. Sommige van ons het die wildsritte na die leeukamp onderneem en dit was werklik baie interressant. Mens kan sien die eienaars gee baie om vir hul diere. Die hele terrein en onderhoud spreek van omgee deur die eienaars en hulle is baie betrokke. Die eienaar het spesiaal vir die jong klomp 'n "movie" aand gereel en matrasse en kussing en pop corn was ingespan en so het hul die vrydagaand geniet. 'n Boeresport daggie was ook deur hulle aangebied en so het die Novsies manne hul ondersteuning getoon deur deur deel te neem in die worsbroodjie kompetiesie….

Sommige van die brawe jongklomp het ook die netjiese swembad benut en die paadjies oral is of geloop of met fietse geniet. Daar is ook 'n baie netjiese restaurant waar heerlik gesmul kan word as jou braaivleis nie genoeg is nie.

So tussen al die lekker gekuier en geklets het Rita 'n "Jaffle kompetisie" gereël en die Saterdagaand moes 'n sout en soet jaffle beoordeel word. Magda was die beoordeelaar en het beslis dat Annemèra se sout-, en Rita die soet jafflekampioen was. Rita, wat Kampkommandant was, het haar uitstekend van haar taak gekwyt en die boekevat en Sondagoggend se kerkdiens oor hemelvaart het vir elkeen stof tot nadenke gegee.

Ongelukkig moes party van ons groep vroeër oppak en ons "gelukkiges" wat kon agterbly, het 'n onverwagse reëntjie die Maandagnag gehad. Gelukkig het die son Dinsdagoggend warm geskyn en kon ons alles droog oppak.

So het 'n heerlike, vreeslike laaaang naweek, baie vinnig verby gevlieg. Dit is 'n baie lekker kampplek en ons sal beslis weer teruggaan daarheen.

Baie dankie vir almal wat die naweek so 'n groot sukses gemaak het.

Annemèra en Mike.





# Noorkus Toer 2018





So kom almal bymekaar 05/07/18 om weg te trek vir die toer.

Eerste stop vir 2 nagte was Hlalanathi Berg Resort in Bergville in die hartjie van die Drakensberge





Tower of Pizza





Wen resep die beste hoenderlewertjies vir ontbyt








The Pig & Plough in Winterton, was 'n stop vir 'n smul lekker ontbyt oppad Zinkwazi Lagoon Lodge




Opgeslaan in Zinkwazi Lagoon Lodge, so in die bos het elkeen sy Nessie geskrop en vir 3 nagte oorgestaan






'n paar het 'n het die see gaan besoek en 'n paar het vir die dag die Ushaka Marine World Marine gaan besoek



















Volgende stop was Richardsbaai Karavaan Park vir 3 nagte.




Wie kan nou langs die see staan sonder kosse daaruit nie, almal was bederf met 'n smul lekker mossel & pap voorgereg en 'n rooi roman oor die kole, en rooster koek









Laaste stop was Natal Spa And Hot Springs, in Paulpietersburg vir 2 nagte.



**RIVERSIDE BEACH CLUB -31/8-2/9/18**

Ja, wat sê 'n mens oor 'n "great" AJV. Dit was ook Novsies se 45ste verjaarsdag en die tema Saterdagaand Gatsby.

Daar was natuurlik 'n klompie wat al Donderdag nesgeskop het. Vrydagaand het ons afgeskop met 'n heerlike worsbroodjie en daarna die AJV en verkiesing van nuwe bestuur. Die bestuur vir die volgende jaar is as volg:-

| | |
|---|---|
| KOOS BOSHOFF | VOORSITTER |
| MARLIZE GRAY | 0/VOORSITTER/REDAKSIE |
| ELIZE BOSHOFF | SEKRETARESSE |
| RITA HATTINGH | PENNINGMEESTER |
| ANNIKA KILLIAN | KAMPKOMITEE/GRAVEUR/JEUG |

Baie geluk aan hulle en sterkte en voorspoed. Vir die 2 bestuurslede wat afgegaan het naamlik Roelf en Marnus, baie dankie vir al julle harde werk en insette. Julle kan nou net ontspan en kamp.

Saterdag was daar lekker ontbyt gemaak, gekuier en van die dames het ingespring en gehelp om groente te skil en te kook. Saterdagaand se hoogtepunt was natuurlik ons Gatsby funksie. Ernest het vir ons 'n lekker vark op die spit gaar gemaak met groente. Voorgereg het ons sop gehad en vir nagereg heerlike malva poeding met via.

Almal het behoorlik uitgehang, maar die beste geklede paartjie was Corrie & Johnette - geluk ook aan hulle. Na die etery het ons lekker gekuier en gedans tot laat.

Sondag het ons afgesluit op die gepaste manier en het Friedel Coetzee vir ons 'n baie mooi boodskap gebring. Na die Erediens het ons natuurlik van Novs se 45ste verjaarsdag koek geëet wat Rita gebak het. Dankie Rita.


Daar was ook deur die jaar varklootjies verkoop vir 1 vark en 1 speenvarkie. Die prys wenner van die vark was Wynand Theron en die speenvarkie wat geborg is deur Burgert is gewen deur Lee Gough.

Soos julle kan sien was dit regtig weereens 'n baie lekker naweek. Dankie aan almal wat dit moontlik gemaak het.

Novs groete
Hetta

**"PHOTO BOOTH"**

Onthou om jul foto bestellings te plaas!!





River beach Club saamtrek foto geneem van die badkamers af.





Vrydagaand se worsrolletjies word voorberei



Formele vergadering gehou Vrydag 31 Augustus 2018





*Groot ontbyt vir 'n groot dag!*

NOVS 45



# Erkennings en Pryse

- Jan Swanepoel ontvang die eerste Mielieplantasie vir NOVS
- Bennie Kilian ontvang die “stirrer” Leper
- Johnette en Corrie was gekies as die bes gekleede paartjie
- Wink wen die loodjie vir die piekniek rugsak
- Johnette en Corrie was gekies as die bes gekleede paartjie
- Die AJV Blomme was geskenk aan ons ere gaste Andre en Vinkie Swanepoel (Anton is van Dagbestuur die Nasionale Sekretaris)

***Bonus Pryse uitgedeel aan:***

- Jan en Esme Swanepoel
- Henda se Suster

# Toekennings vir 2018

| Lid No | Naam | Jaar | Toekenning |
|---|---|---|---|
| 5688 | Hetta Harmse | 2018 | Gebied Ere Toekenning |
| 5688 | Roelf Harmse | 2018 | Gebied Ere Toekenning |
| 11941 | Elize Boshoff | 2018 | Streek Ere Toekenning |
| 11941 | Koos Boshoff | 2018 | Streek Ere Toekenning |
| 12756 | Marlize Gray | 2018 | Streek Meriete Toekenning |
| 12842 | Annika Kilian | 2018 | Streek Meriete Toekenning |
| 12896 | Rita Hattingh | 2018 | Gebied Meriete Toekenning |
| 11941 | Koos Boshoff | 2018 | Bestuur Plaatjie |
| 11941 | Elize Boshoff | 2018 | Bestuur Plaatjie |
| 5688 | Roelf Harmse | 2018 | Bestuur Plaatjie |
| 12896 | Rita Hattingh | 2018 | Bestuur Plaatjie |
| 12756 | Marlize Gray | 2018 | Bestuur Plaatjie |
| 12842 | Annika Kilian | 2018 | Bestuur Plaatjie |
| 12792 | Marnus Matthysen | 2018 | Bestuur Plaatjie |
| 12896 | Rita Hattingh | 2018 | 100% Bywoning,Toekenning |
| 6027 | Burget Turnbull | 2018 | 100% Bywoning,Toekenning |
| 9919 | Gert en Rina Koekemoer | | 100 Algemeen en 90 Streek Toekenning |
| 12842 | Annika en Bennie | | 20 Streek Toekenning |




Wink Van Der Westhuizen



Corrie en Johnette Topham





Nico & Nooi



Gert & Rina Koekemoer



Driekie, Nick & Gerty



Andre & Vinkie, Awie en Madelene, Burget



Jan & Esme



So kuier almal saam



Susan, Terien, Magda, Johan, Izak, Henda & Suster, Isabel & Dewald



Corrie & Johnette Topham



Rene & Susan Connoway




Gert, Rina, Mike & Annemera



Robby & Lourika, Johan & Marizka, Andre & Ronel & Anri

# Kleur my in!








**Vreeslik dankie aan almal wat so ywerig bydraes maak tot die Jeugfonds**

Jeugfonds Doelwitte 2018:

1. Werf meer klein Novsies
2. Aankoop van "Slip & Slide" ter waarde van R6900

Welkom aan die volgende nuwe klein Novsies:

1. Nathan van Tonder – 5 jaar
2. Micah van Tonder - 1 jaar
3. Tayden
4. Megan

**"Die Jeug gaan weer Kategese begin aanbied by elke kamp gedurende die Kerk diens. Sien uit om Jesus se boodskap met julle te deel!"**

Ons Jeugfonds staan op R6 182 – amper daar! Tannie Elize gaan net vir ons eers vir ons uitvind hoeveel kamp plekke ons sal toelaat om 'n slip a slide te gebruik….anders sal ons begin dink aan ietsie anders…





**Onthou die NOVS Springkasteel kan gehuur word gedurende die jaar:**

- R100 per dag vir lede
- R300 per dag vir nie-lede (verwys deur NOVS lid)

*Kerskamp 16-18 November by River Beach Club in Vaalpark*

*Ons gaan kinderhuis maaitjies nooi om vir ons te kom kuier!*

**Groete, Annika Kilian, Jeugleidster, SAWA NOVS, 082 807 2671**




# Advertensies






# Kampe vir 2018/19

| Oord | Datum | Kommandant |
|---|---|---|
| Kongres | 12-14 Okt | Dagbestuur |
| Sionsberg | 19-21 Okt | Johan & Joke |
| River Beach Club **Kerskamp** | 16-19 Nov | Jeug/Bestuur |
| Umfula | 25-27 Jan | Corrie en Burgie |
| Westvaal | 15-17 Febr | Roef en Hetta |
| Tava Lingwe | 20-24 Mrt | Jan en Esme |
| PRESIDENTE | 19-22 Apr | Dagbestuur |
| OUTDOOR X | 31 mei-2 Jun | Annika en Wink |
| Woelwaters | 14-16 Jun | Bennie en Andre |
| River Beach Club - **AJV** | 8-11 Aug | Bestuur |
| Nasionaal | 20-22 Sept | Dagbestuur |
| Soetdoring | 18-20 Okt | Gavin en Marlize |
| Kongres | 12 Okt | Dagbestuur |
| Bloekompoort **Kerskamp** | 29 Nov-1 Des | Bestuur |

# LedeLys 2019

| Van | Voorl | Hooflid | Eggenoot |
|---|---|---|---|
| Boshoff | JN | Koos | Elize |
| De Beer | J | Johan | Magda |
| De Swardt | GJ | Jaco | Laurika |
| Delport | JH | Sas | |
| Du Toit | AHJ | Awie | Madelene |
| Gray | G | Gavin | Marlize |
| Greeff | TN | Tjaart | Annette |
| Groenelwald | N | Nico | Nooi |
| Harmse | RHJ | Roelf | Hetta |
| Hattingh | K | Karel | Rita |
| Joubert | | Martin | Dezi |
| Kilian | RS | Bennie | Annika |
| Koekemoer | G | Gert | Rina |
| Laubscher | MC | Mike | Annemere |
| Lessing | I | Izak | Henda |
| Loots | S | Susan | Terrien |
| Louw | | Rob | Imarie |
| Marx | W | Wynand | Diana |
| Matthysen | MC | Marnus | Elizma |
| Pretorius | AJ | Arend | Nelie |
| Roos | | Nick | Gerty |
| Swanepoel | AC | Anton | Heleen |
| Swanepoel | JP | Jan | Esme |
| Thysse | L | Lawrence | Karien |
| Topham | C | Corrie | Johnette |
| Turnbull | B | Burget | |
| Van den Berg | JPJ | Johan | Joke |
| Van der Berg | JP | JP | Chiquitta |
| Van der Westhuizen | W | Wink | Driekie |
| Van Pletzen | A | Andre | Ronel |
| Van Schalkwyk | PJ | Piet | Jes |
| Van Tonder | N | Nico | Nicoleen |



## Noodtelefoonnommers

Wanneer jy hartseer is ………………………………….. bel Johannes 14
Wanneer mense jou in die steek laat ……………………….. bel Psalm 27
As jy vrug wil dra in jou lewe ……………………..…….. bel Johannes 15
Wanneer jy sonde gedoen het …………………………….. bel Psalm 51
Wanneer jy bekommerd is ………………………..…….. bel Matteus 6: 19-34
Wanneer jy in gevaar is ……………………………………… bel Psalm 91
Wanneer God ver voel ………………………………………. bel Psalm 139
Wanneer jou geloof 'n hupstoot nodig het …………… bel Hebreërs 11
Wanneer jy alleen en bang is ……………………………… bel Psalm 23
Wanneer jy bitter en krities word …………………..….. bel 1 Korintiërs 13
Riglyne vir 'n Christelike lewe …………………….. bel Romeine 12: 9-21
Vir Paulus se geheim vir geluk ……………………. Bel Kolossense 3: 12-17
Vir idees van Christenskap ……………………… bel 2 Korintiërs 5: 15-19
Wanneer jy terneergedruk voel ………………….. bel Romeine 8: 31-39
Wanneer jy na vrede en rus smag . ……………… bel Matteus 11: 25-30
Wanneer die wêreld groter lyk as God ……………………. bel Psalm 90
Wanneer jy christelike vertroue nodig het ………. bel Romeine 8: 1-30
Wanneer jy die huis verlaat om te gaan werk of reis ……. bel Psalm 121
Wanneer jou gebede selfsugtig en kortsigtig raak ……….. bel Psalm 67
Vir 'n groot geleentheid ……………………………………. bel Jesaja 55
Wanneer jy moed nodig het vir 'n taak ……………..…….. bel Josua 1
Vir hoe om met jou medemens oor die weg te kom … bel Romeine 12
Wanneer jy dink aan beleggings …………….….. bel Markus 10: 17-31
As jy depressief voel …………………………………..……...… bel Psalm 27
As jou beursie leeg is …………………………….……….. bel Psalm 37
As jy vertroue in mense verloor ……………………. bel 1 Korintiërs 13
As mense onvriendelik voorkom ……………… bel Johannes 15: 12-17
As jy ontmoedig voel oor jou werk …………………..…. bel Psalm 126
As jy voel die wêreld word klein en jy wonderlik ………… bel Psalm 19

Noodnommers kan direk geskakel word.
Geen operateur se hulp is nodig nie.
Alle lyne na die hemel is elke dag die volle 24 uur oop.
Voed jou geloof en twyfel sal van honger sterf.